Bepalings en voorwaardes:

1. Deelnemers moet tussen die ouderdom van 18 en 24 wees.
2. Deelnemers moet huidige, voormalige of toekomstige Kommunikasiestudente wees.
3. Deelnemers moet Jeug-lede wees (lidmaatskap is gratis).
4. Inskrywings open op 24 Mei 2021 en sluit op 4 Junie 2021.
5. Inskrywings wat ná 13 Junie 2021 ontvang word, sal nie oorweeg word nie.
6. Slegs een artikel per persoon word in fase 1 van die kompetisie toegelaat.
7. ’n Tweede artikel word van die 30 kandidate vereis wat na fase 2 van die kompetisie deurdring.
8. Tydens fase 3 van die kompetisie word die topvyf-kandidate genooi om vir ’n week skaduwerk by Solidariteit te doen.
9. Die wenner word uit die vyf kandidate gekies. Die wenner ontvang die volgende:

- ’n Internskap by Solidariteit
- Die vryheid om binne die raamwerk wat deur ons voorsien word, te skryf en om op enige platform van Solidariteit se keuse gepubliseer te word
- Die geleentheid om die hele jaar vir ons te skryf en dan ’n verwysingsbrief van Solidariteit te ontvang.

10. Die keuse van artikels wat gepubliseer word, berus by die redakteur.
11. Die artikels wat vir publikasie gekies word, gaan voor plasing deur Solidariteit geredigeer word.
12. Deur vir die #PubliseerMy-kompetisie in te skryf, gee jy die reg aan Solidariteit Jeug om artikels sonder vergoeding te publiseer.
13. Die artikel moet aan die volgende vereistes voldoen om oorweeg te word:

- ’n Maksimum van 600 woorde lank wees
- As ’n Word-dokument ingedien word
- In Afrikaans wees
- Van ten minste enige drie bronne gebruikmaak
- Moet ’n artikel en nie ’n meningstuk nie wees
- Moet een van die volgende onderwerpe insluit:
  - Hoe om universiteit te oorleef
  - Die belangrikheid van moedertaalonderrig
  - Die belangrikheid van lewenslange leer
  - Die belangrikheid van lees
  - Universiteite se rol in die samelewing
  - Selfdoen in ’n gemeenskap
  - Hoe om spaarsamig te leef as student
  - Hoe om energie volhoubaar te gebruik
  - Oorleef só jou eerste jaar van werk
  - Werkskleredrag in verskillende beroepe
  - Hoe om jou CV te laat uitstaan
  - Tien dinge wat jy nie by ’n dosent of in ’n klas kan leer nie
  - Jou eerste werk en al die administrasie wat moet plaasvind
  - Wenke (‘hacks’) vir rekenaargebruik
  - Selfdoen-wenke
  - Tien begrotingsvriendelike uitstappies vir jong paartjies
  - Holistiese gesondheidswenke
  - Gebruik jou studentekaart slim (byvoorbeeld by plekke waar jy afslag kan kry)

- Beroepe waarvan nie baie mense weet nie
- Begin jou eie klein onderneming

14. Alle bepalings en voorwaardes geld soos wat dit op Solidariteit se webblad verskyn.
15. Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen briewewisseling sal na afloop van die beslissing plaasvind nie.
16. Werknemers binne die Solidariteit Beweging en hul gesinslede is uitgesluit van hierdie kompetisie.